# SWARTLAND

# RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK

# ADDENDUM A

PRIORITEIT AKSIEPLANNE




**APRIL 2014**

**Deur CK Rumboll en Vennote**

Die volgende tabel verteenwoordig die prioriteit aksieplanne vir die Swartland ROR vir die tydperk 2012-2017. Die aksieplanne is uitgelig met die doel om die nodige aksies by die begroting in te sluit ten einde sekere ruimtelike beplanningsdoelwitte binne die Swartland te bereik.
Die aksieplanne is ingedeel volgens die hoof ruimtelike beplanningsdoelwitte wat die volgende elemente insluit:

- Verbindingsnetwerke
- Publieke Ruimtes en Gemeenskapsfasiliteite
- Oopruimte Sisteme en Bewaring
- Residensiële Geleenthede
- Kommersiele Geleenthede
- Industriële Geleenthede
- Grootmaat Infrastruktuur

| **Wyke en Dorpe** | **Prioriteit Aksieplanne** |
|---|---|
| | **Verbindingsnetwerke** |
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Opgradering van Sentrumstraat as nodus en aktiwiteitstraat binne Rosenhof.<br>• Formalisering en beveiliging van voetgangerroete tussen Rosenhof en Moorreesburg SSK met veilige spooroorgang en beligting.<br>• Landskapering van die nuwe Nywerheidsgebied langs die N7. |
| Koringberg | • Opgradering en landskapering van ingang en hoofstraat as deel van aktiwiteit toeriste roete - aanwysings, uitmerk van parkeerareas en landskapering.<br>• Formalisering, landskapering en beveiliging van voetpad roete tussen Koringberg SSK en Rautenville vir verhoogde toegang tussen die twee gebiede. |
| **Wyk 3** | |
| Riebeek Wes | • Verfraaiing van ingange na dorp met naambord en landskapering. |
| **Wyk 4** | |
| Riverlands | • Verfraaiing van hoofingang na dorp met naambord en landskapering. |
| Chatsworth | • Opgradering en teer van Randorstraat as een van dien hoof toegangsroetes en aktiwiteitsas.<br>• Verfraaiing van ingang na dorp met naambord en landskapering. |
| **Wyke 5 en 6** | |
| Yzerfontein | • Verbetering en formalisering van voetgangerroetes langs die hoof roetes in die dorp.<br>• Formalisering van publieke parkeerareas langs die strandgebied en voorsiening van plank voetganger pad vanaf parkeerareas oor duine na die strand. |
| **Wyke 7** | |
| Kalbaskraal | • Verfraaiing van hoofingang oor brug na dorp met naambord en landskapering. |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Opstel van ontwikkelingsriglyne vir Voortrekkerstraat as aktiwiteitsas tussen die SSK en die voorgestelde Streekswinkelsentrum.<br>• Formalisering van voetgangerroete tussen SSK en voorgestelde Streekswinkelsentrum.<br>• Landskapering en verfraaiing van die Dieprivier wandelpad.<br>• Formalisering en beveiliging van die voetgangerroete tussen Wesbank en die Malmesbury SSK.<br>• Formaliseer voetgangerroete tussen Wesbank en Voorgestelde Streekswinkelsentrum via Mount Royal ontwikkel op belyning soos |

| | |
|---|---|
| | reeds vasgestel.<br>• Formalisering en beveiliging van hoof voetgangerroetes tussen Wesbank en Ilinge Lethu.<br>• Voorsien veilige voetgangerverbinding (duikweg of voetgangerbrug) tussen Saamstaan en industriële gebied suid van N7.<br>• Opgradering van die Dieprivier brug by suidelike ingang van Malmesbury vanaf die Klipheuwel pad (R304) (verbreding van brug/voetoorgang). |
| **Wyk 12** | |
| Riebeek Kasteel | • Formalisering en beveiliging van voetgangerroete tussen Esterhof en SSK. |

| Wyke en Dorpe | Prioriteit Aksieplanne |
|---|---|
| | **Publieke Ruimtes en Gemeenskapsfasiliteite** |
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Uitbreiding van bestaande veeldoelige gemeenskapfasiliteit in Rosenhof.<br>• Ondersoek die oprigting van 'n vaardigheidskool op bestaande institusionele erwe.<br>• Uitbreiding van Begraafplaas. |
| **Wyk 3** | |
| Riebeek Wes | • Uitbreiding van begraafplaas.<br>• Konsolidasie en opgradering van sportfasiliteite. |
| **Wyk 4** | |
| Riverlands | • Ontwikkeling van veeldoelige Gemeenskapsentrum tussen Riverlands en Chatsworth om albei areas te bedien. |
| Chatsworth | • Ontwikkeling van veeldoelige Gemeenskapsentrum tussen Riverlands en Chatsworth om albei areas te bedien.<br>• Uitbreiding van begraafplaas. |
| **Wyke 5 en 6** | |
| Yzerfontein | • Opstel van Meesterplan om die hawegebied te ontwikkel as gemeenskapsnodus wat kleinskaalse kommersiele en toeriste funksies ondersteun. |
| Darling | • Ontwikkeling van nuwe begraafplaas. |
| **Wyke 7** | |
| Kalbaskraal | • Opstel van 'n "Area" plan vir die Stasie omgewing in samewerking met TRANSNET vir opgradering as 'n toerisme nodus. |
| Landelik Wyk 7 | |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Begraafplaas uitbreiding by Rosenburg.<br>• Begraafplaas uitbreiding by Wesbank.<br>• Opgradering van Wesbank Sportkompleks. |
| **Wyk 12** | |
| Riebeek Kasteel | • Ontwikkeling van nuwe begraafplaas. |

| Wyke en Dorpe | Prioriteit Aksieplanne |
|---|---|
| | **Oopruimte sisteme en bewaring** |
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Ontwikkeling van formele voetpad langs die "No Go" Rivier as deel van oopruimte sisteem. |
| **Wyk 4** | |
| Landelik Wyk 4 | • Opstel van bewaringsplan / omgewingsbestuursplan vir area tussen |

| | |
|---|---|
| | Chatsworth en Riverlands waar kleinboer vestiging voorgestel word. |
| **Wyke 5 en 6** | |
| Yzerfontein en Landelik Wyk 6 | • Identifisering van die Weskus korridor tussen Weskus Nasionale Park en die suidelike grens van die Swartland. |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Ontwikkeling van formele voetpad langs die Dieprivier vir publieke toegang tot die Dieprivier oopruimte sisteem. |

| **Wyke en Dorpe** | **Prioriteit Aksieplanne**<br>**Residensiële Geleenthede** |
|---|---|
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Identifisering van toekomstige area vir gesubsidieerde behuising. Voorsien geïntegreerde uitleg plan om verskeidenheid behuisingsgeleenthede binne die gebied te voorsien.<br>• Ondersteun die voorsiening van GAP behuisingsgeleenthede in Moorreesburg. |
| **Wyk 4** | |
| Chatsworth | • Ontwikkeling van area noordoos van Randorstraat vir invul residensiële erwe asook toekomstige skool perseel. |
| **Wyke 5 en 6** | |
| Darling | • Ontwikkeling van GAP erwe.<br>• Identifisering van area vir gesubsidieerde projek en opstel van geïntegreerde uitlegplan wat verskeie behuising opsies bied. |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Identifisering van area vir gesubsidieerde projek en opstel van geïntegreerde uitlegplan wat verskeie behuising opsies bied en ook GAP geleenthede insluit. |
| **Wyk 12** | |
| Riebeek Kasteel | • Ontwikkeling van GAP geleenthede in Esterhof. |

| **Wyke en Dorpe** | **Prioriteit Aksieplanne**<br>**Kommersiele Geleenthede** |
|---|---|
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Versterk die formalisering van sakenodus by ingang na Rosenhof. |
| **Wyke 5 en 6** | |
| Yzerfontein | • Opstel van Meesterplan om die hawegebied te ontwikkel as gemeenskapsnodus wat kleinskaalse kommersiele en toeriste funksies ondersteun. |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Opstel van ‘n stedelike ontwerpplan vir die opgradering van die Malmesbury middedorp. |

| **Wyke en Dorpe** | **Prioriteit Aksieplanne**<br>**Industriële Geleenthede** |
|---|---|
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Ontwikkeling van voorgestelde nywerheidsgebied langs die N7<br>• Skep van inisiatiewe ten einde nywerhede na die nuwe uitbreiding te lok. |
| **Wyk 3** | |
| Riebeek Wes | • Ontwikkeling van industriële erwe op die ou skougronde. |
| **Wyk 4** | |
| Riverlands | • Aankoop van grond tussen Chatsworth en Riverlands vir formalisering en vestiging van kleinboere. |
| Chatsworth | • Aankoop van grond tussen Chatsworth en Riverlands vir |

| | |
|---|---|
| | formalisering en vestiging van kleinboere. |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Ontwikkeling van nuwe Nywerheidsgebied noord van N7 asook verbindingsroete tussen Darling weg en die N7 - ontwikkel inisiatiewe om industrieë na die gebied te lok. |

| **Wyke en Dorpe** | **Prioriteit Aksieplanne** |
|---|---|
| | **Grootmaat Infrastruktuur** |
| **Wyk 1 en 2** | |
| Moorreesburg | • Beplan voorsiening van grootmaat dienste wat voorgestelde uitbreidings van dorp sal ondersteun.<br>• Beplanning vir die uitbreiding van die rioolwerke. |
| Koringberg | • Bou van nuwe reservoir ten einde kapasiteit te verhoog |
| **Wyk 3** | |
| Riebeek Wes | • Opgradering van en aansluiting by nuwe sentrale rioolwerke vir Riebeek Vallei in Riebeek Kasteel. |
| Ongegund | • Opgradering van en aansluiting by nuwe sentrale rioolwerke vir Riebeek Vallei in Riebeek Kasteel. |
| **Wyk 4** | |
| Riverlands | • Opgradering van sentrale rioolwerke tussen Chatsworth en Riverlands. |
| Chatsworth | • Opgradering van sentrale rioolwerke tussen Chatsworth en Riverlands. |
| **Wyke 5 en 6** | |
| Yzerfontein | • Identifiseer area vir die plasing van toekomstige rioolwerke en befondsing vir die bou van die rioolwerke.<br>• Oprigting van nuwe reservoir langs bestaande reservoir vir verhoogde kapasiteit. |
| Darling | • Opgradering van water stoor kapasiteit vir toekomstige ontwikkeling.<br>• Opgradering van rioolnetwerk vir toekomstige ontwikkeling. |
| **Wyke 8, 9,10 en 11** | |
| Malmesbury/Abbotsdale | • Opgradering van stormwater retensie stelsel suid van Munisipale swembad. |
| **Wyk 12** | |
| Riebeek Kasteel | • Opgradering van nuwe sentrale rioolwerke vir Riebeek Vallei by bestaande oksidasiedamme.<br>• Oprigting van nuwe reservoir langs bestaande reservoir vir verhoogde stoorkapasiteit. |